

## **Woordbediening: Romeine 3:1-8**

### **Die voordeel wat ons van God ontvang het**

In vers 1 word twee vrae gevra:

- Watter voordeel het 'n Jood?
- Watter nut het die besnydenis?

Stel ons vandag nog belang in hierdie vrae en die antwoorde daarop?

Beslis.

- Eerstens, om daaruit te leer dat dit God mag behaag om sommige mense bo ander te bevoordeel.
- Tweedens, om daaruit te leer wat óns voordeel is wat ons as Christene bo ander het.
- Derdens, om die nut van die doop as uiterlike teken beter te begryp.

### **God mag mense bevoordeel**

Die goeie reg van God, ons Skepper, om sommige bo ander te bevoordeel, loop soos 'n goue draad deur die hele Skrif. Adam en Eva word bevoordeel as heersers in die “tuin”, bo anders skepsels. Abram en sy “saad” word bo ander uitgekies om tot 'n seën vir alle volke en nasies te wees. Ons word bevoordeel deur “kinders van God” genoem te word, al is ons van nature net so sondig soos alle ander mense.

Ons het geen basis waarop ons hierdie reg van God kan bevraagteken nie, want Hy is reg en wat Hy doen is reg (vgl. vers 4). Dis is al klaar verkeerd om te sê Hy “mag” mense bevoordeel, asof ons vir Hom toestemming gee om dit te “mag” doen. Hy doen dit gewoon. Punt, klaar.

### **Wat is die voordeel wat ons ontvang?**

Die belangrikste is dat God sy woorde aan ons (soos aan die Jode) **toevertrou het**. Al sy uitsprake, al die “heilige geskrifte”, die ganse Woord van God, die evangelie – alles is aan ons toevertrou. Ons het selfs meer as die Jode ontvang, want hulle het nog net 'n halwe Bybel gehad.

Dink goed na oor die betekenis van die woord “toevertrou”. Wat sê dit vir jou van God en van ons? Sy kosbaarste skat plaas Hy in ons hande, om eerstens onself daarmee geestelik te verryk en dan met ander te deel, sodat almal in God se rykdom kan deel.

Watter les moet ons leer uit die mislukking van die Jode? Hulle het die goud van God verdof deur dit met nagemaakte goud van reëls en voorskrifte oor te trek.

### **Wat is die nut van die doop?**

Net soos die besnydenis ’n verbondsteken was om te getuig en te bevestig dat die mens op God alleen moet vertrou vir sy regverdigheid in die oë van God, is die doop ook ’n getuienis en bevestiging dat slegs God ons kan reinig van al ons sonde en aan ons ’n nuwe skuldvrige lewe kan skenk.

Hierdie sigbare, tasbare getuienis en versekering misluk egter as ons dit bloot uiterlik en formeel beleef. Ons moet glo en God vertrou dat Hy ook doen wat die doop vir ons uitbeeld, nl. dat die lewensoffer van sy Seun ons waarlik voor God regverdig maak en dat die inwoning van sy Gees ons waarlik heilig maak en toerus om as sy kinders te lewe.

### **Toerusting**

Waaroor is Paulus verbaas? (Gal 1:6,7)

Sê hy dit vir Jode of vir Christene?

Wat was die kern van hierdie vervalsing? (Gal 6:12)

Is die klem op uiterlike godsdienstigheid ook vir ons ’n gevaar?

Hoe bevestig God self aan ons dat ons sy kinders is? (Gal 4:6,7)

Watter voordeel geniet ’n kind van God? (Gal 4:7)

Maak dit vir my ’n verskil aan hoe ek tot hiertoe my verhouding met God beleef het?